# JEUG ALPHA: Sessie 5 - Hoe en waarom moet ek bid?

## 1. PRAISE AND WORSHIP

## 2. YSBREKER

- Elke groep  kry ‘n bak met ysblokkies.
- Elke kind neem een ysblok en hou dit in sy/haar hand.
- Die ysblok gaan jou hand baie koud en pynlik maak.  Ons kyk wie die ysblok die langste in hulle hande kan hou.

## 3. VERDUIDELIK YSBREKER:

- Die ysblok kan ons sê is die dinge in ons lewens wat ons saam met ons dra.  Bv. bekommernis, seerkry, ouers wat jou afkraak ens.  Jy kan jou eie lysie in jou kop maak wat dit in die lewe is wat tans vir jou te veel geraak het om te dra.  Die “ding” maak jou seer en jy sien geen uitkoms nie.
- Hier kom die oplossing vir jou.  **Sit die ysblok neer.**  Hoe sit ek dit neer?
- Deur dit vir ons Hemelse Vader te gee.  Deur middel van gebed vir Hom te vertel wat jou seermaak en dat Hy asb dit moet wegneem van jou want jy kan dit nie meer alleen dra nie.
- Jesus dra kennis van jou problem, maar Hy wil hê jy moet met Hom kom praat, deurmiddel van gebed kommunikeer ons met Jesus.

## 4. INLEIDING:

- Vanaand gaan ons bietjie oor gebed gesels.
- Wat is gebed?
- Waarom moet ek bid?
- Hoe moet ek bid?
- Waarom God nie altyd ons gebede beantwoord nie?

Die antwoord op die eerste vraag kan ek sommer nou vir julle gee dit is heel eenvoudig:  Gebed is om met God te praat [kommunikasie] soos wat jy elke dag met jou ouers, vriende meisie of kêrel praat so kan ons met God ook praat.  Net soos jou vriende en ouers wil weet hoe jou dag was, wag God elke minuut van die dag om te hoor hoe dit met jou gaan.  Hy staan elke sekonde reg om jou te help indien jy Hom sou vra. Gebed is soos asemhaal, as jy nie asem haal nie gaan jy dood, net so as jy nie bid nie gaan jy geestelik dood.

## 5. VIDEO CLIP:   Episode 5 - Why and How do I pray

[hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord]

**Vraag 1**:  If you could have a superpower, what would it be?
*(As jy ‘n superpower kon hê, wat sou dit wees?)*

**Vraag 2**:  Why do you think people don’t always get what they pray for?
*(Hoekom dink jy, kry jy nie altyd waarvoor jy in gebed vra nie?)*

**Vraag 3**:  Have you ever tried praying?  How’d it go?
*(Het jy al ooit probeer bid? Hoe het dit gegaan?)*

## 6. GROEPWERK:

Beantwoord die volgende vrae in die groepe:

- Wat kom by jou op wanneer jy aan gebed dink?
- As dit jou werk was om gebede te beantwoord, hoe sou jy besluit om hulle te beantwoord?
- As jy gebed aan iemand moet beskryf, wat sal jy sê?
- Hoe voel jy daaroor dat God by ons is wanneer dit nie met ons sleg gaan nie?

## 7. WAAROM MOET EK EN JY BID

- Eerstens voor ons die vraag beantwoord moet ons 'n belangrike waarheid verstaan. Al die superhero"s wat ons ken het een ding in gemeen. Hulle is dood gewone mense soos ek en jy maar wanneer daar nood is of mense of die werêld is in gevaar trek hulle die superhero pakke aan en dinge gebeur dan. Lewens en die werêld word gered van ondergang.

- Net so met gebed. Jy hoef nie 'n dominee, geleerde persoon of 'n groepleier by EPIC of G1 te wees om te kan bid nie, ons is almal doodgewone mense nes elkeen hier . Baie kom na die dominee of na ons as groep leiers toe en vra dat ons vir 'n maatjie moet bid. Dan vra ek altyd nou hoekom bid jy nie vir die maatjie nie dan kry ek hierdie hartseer antwoord, MAAR tannie Jesus sal mos nooit na my luister nie tannie se gebed dra meer krag. Wat 'n leeun van satan.

- Sodra jy of jy klein of groot is met 'n opregte hart in in gebed na God gaan luister Hy na jou en maak jou gebed dat jy 'n superhero pak aantrek en jy raak God se superhero. Jou gebed kan mense, omstandigede verander.

## 7. HOE MOET EK BID

Hier is 'n 5 punt plan oor hoe jy kan begin bid: Ons noem dit die 5 Vinger gebed. Elke kind kry een om saam te neem huistoe en moedig hulle aan om elke dag volgens die riglyne te begin bid.

- **Duim** is vir mense naby aan jou soos bv jou familie-ma,pa,boetie, sussie,ouma,oupa
- **Wysvinger** is vir al die mense wat jou in die regte rigting in wys bv jou dominee,onderwysers, dokters bid veral vir wysheid en hul beskerming
- **Die langste vinger** verwys na die regering mense wat ons moet lei bid vir wysheid en kennis dat hulle die regte beluite vir ons land sal maak en veral dat hulle God in hul besluite sal inlaat.
- **Ringvinger** die is die swakste vinger aan ons hand. Bid vir mense in nood, wat siek is wat nog nie God ken nie.
- **Pinkie** is die kleinste vinger en verwys na jouself. Bid vir jouself en jou behoeftes .
- **Handpalm** moet jy dink aan God te prys en Sy naam groot te maak en Hom ook dankie sê vir als wat Hy vir ons doen.

## 8. HOEKOM BEANTWOORD GOD NIE ALTYD MY GEBEDE NIE?

**Gebed is soos 'n robot**

**GROENLIG**- God gee jou wat jy voor vra.

**ROOI LIG-** God sê nee want hy ken die toekoms en weet wat die beste vir jou is.

**GEEL/ORANJE LIG** – God sê nie nee nie Hy sê net nie nou nie, leer om bietjie te wag vir die regte tyd. En onthou die volgende God kan in die toekoms in sien en Hy gaan net die beste vir jou wil gee, ons vrae partykeer na goed wat ons dink goed is vir ons maar God sien die bigger picture.

**VERTROU ALTYD HY WIL NET DIE BESTE VIR JOU GEE.**

## 9. SLOT:

Enige een kan bid nie net dominee's en geleerde mense nie. God wag elke minuut van die dag en nag om van jou te hoor. Hy is geïntereseerd in jou gebed en Hy luister met **AANDAG** as jy bid. Dit is vir Hom lekker om ons gebede te verhoor maar op Sy manier nie myne nie en op Sy tyd nie myne nie , dit moet ons onthou vanaand .Jou gebed hoe eenvoudig of hoe kort kan 'n GROOT verskil maak in vriende en familie se lewens.

## 10. SLUIT AF MET GEBED

# <u>ANTWOORD WAT KAN HELP OP DIE VRAAG WAAROM MOET EK BID</u>

- <u>God self gee ons die opdrag in Sy woord bv:</u>

1 Tess 5:17 – bid sonder ophou
Matt 7:7 se vir ons bid en vir julle sal gegee word
Luk 18:1 ons moet gedurig bid sonder om moedeloos te word.

- <u>Dit bring jou nader aan God</u> – intieme verhouding met Hom[ dink net nou daaraan as jy meisie of kerel het maar julle praat nooit met mekaar nie hoe kan so 'n verhouding hou of groei]

- Gebed **<u>verander</u>** omstandighede in jou lewe wat niemand of niks anders kan doen nie. bv as jy iemand by skool het wat jou die heeltyd boelie maar jy begin bid dat Jesus die persoon moet aanraak dan voor jy jou kom kry het Jesus bo natuurlik iets in die persoon se lewe kom doen sodat hy/sy jou nie meer boelie nie.

- Daar is **KRAG** in gebed bv Genees siektes

- Breek satan se bande op jou

- Kan deure vir jou oopmaak vir die toekoms wat satan wou toesluit vir jou

- Gebed kan jou nuwe krag gee, gee jou rigting en gee jou lewe sin want God praat met jou deur gebed